# 80 Die ware vreugde



Dit is in vrede dat die vreugde waar word,
die ware vreugde verteer nie die hart nie.
Sy is soos vuur met haar eie warmte,
sy gee die lewe as die hart kan sterwe .
Die ware vreugde bou die wêreld op en
sy werp die lig op o-ons  duisternis.

Dit is in lig dat die vreugde waar word,
‘n lig wat helder skitter in ‘n suiwer hart.
Haar vlam word aangewakker deur die waarheid,
sy sal die leuens en skaduwee nie vrees nie.
Die ware vreugde bevry jou hart en
herskep jou wese tot ‘n vreugdelied.

Die ware vreugde sweef bo die skepping
en sonde sal haar nie kan weerhou nie.
Haar arendsvlerke skitter van genade,
‘n gawe van die Heer en van sy redding.
In een omarming word almal verenig.
Laat ons bemin in Christus liefde.